Die Lantern

Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult

Jaargang 4 #11 22 Maart 2015

09:30 Oggenddiens

Ds Fanie Coetzee

Tema: Ek het dors!

Sing: Ps 65-2: 1,2,5
Geloofsbelydenis (Nicea)
Sing: Sb 12-3: 1,2 (Kinderbegeleiding)
Sing: Ps 19-1:5,6
Skriflesing: Johannes 4:5-14 en Johannes 19:17-30 **Teks:** Johannes 19:28
Sing: Sb 18-6: 1,4,5
Doopbediening: Ps 105-1:5
Sing: Sb 5-1: 1(sing) 2,3(lees) 4,5(sing)

11:30 International Service

Rev Fanie Coetzee

Theme: Jesus Christ's anxiety and your anxiety
Scripture reading: Mark 14:17-43 **Text verses:** Mark 14:33,34a

18:00 Bult INKYK

Dwelms op die Bult

Lofprysing en aanbidding
Ps 105-1: 1, 2
SB 12-3:1, 2 en SB 12-5: 1
Lied 151: 1, 2
INKYK op ons gemeenskap
Potch GPF
INKYK op die perspektief wat die Here gee
Skriflesing: Johannes 19:28-30 **Teks:** Johannes 19: 30 (Ds Willem Steyn)
INKYK op hoe ons kan reageer
Gebed

Ouderlinge en Diaken aan diens	Ouderlinge: Daniël Maritz & Braam Pieterse	Diaken: Henriëtte van der Zwan

Bult INKYK

Dwelms op die Bult

Ons beplan vanaand om 18:00 'n Bult INKYK.
Ons wil graag INKYK

- **op wat in ons gemeenskap aangaan**
  Ons het hierdie keer lede van die Gemeenskapspolisieëringsforum(GPF) genooi om bewusmaking te doen oor dwelms op die Bult.
- **op wat die Here sê in sy Woord**
  Ons wil graag saam as gelowiges die Here aanbid en vanuit sy Woord perspektief op ons omstandighede ontvang.
- **op hoe ons kan reageer**
  Ons hoop om beter te verstaan, wat op die Bult aangaan, sodat ons kan bid vir ons en al die mense van die Bult. Ons wil graag 'n veilige ruimte gee, waar ons en alle mense die evangelie kan hoor, en beleef in egte verhoudings.

Kom wees deel van hierdie Bult INKYK. Ons wil in besonder ons hoërskoolkinders en hulle ouers na hierdie geleentheid nooi.
As jy weet van nog aktiwiteite op die Bult (positief/negatief), waarop ons volgende keer kan INKYK, gesels asb met die predikante of Chris Vorster (081-270-8023).

Dankie aan die ouderlinge

Die afgelope week het die ouderlinge in vier groepe saam met die predikante vergader. Dit was weer 'n voorreg om saam te kon praat oor die kudde van die Here wat aan ons sorg toevertrou is. Ons het ook tyd gehad om saam te gesels oor die bediening binne die dinamies-groeiende gemeente waarin ons lewe. Dankie vir al die opoffering en dienswerk van elke ouderling in die gemeente. Ons eer julle ter wille van julle roeping.

oppiSPOT Kamp

Dankie vir almal wat kom saam kamp het. Ons deel graag die vrae wat ons bespreek het. **#oppiSPOT vrae:**

- Hoe praat ek met iemand wat redeneer dat haar "*saak met die Here reg is*", maar sy hanteer God soos 'n "genie"? (bv. My plan met God of God se plan met my)
- Wat is dit om jouself te ken?
- Hoe besluit jy wat is die moeite werd of nie?
- Uitverkiesing: waarom? Waarom ek? Waarom nie ander nie?
- Wat is die verskil tussen versoeking en beproewing? Hoekom bring God beproewings oor ons pad?
- Hoe kan ons, as ons volgens Efesiërs 2 in 'n nuwe lewe saam met Christus opgestaan het, nog sondig?
- Waar trek ek die streep tussen goed wees vir mense en om misbruik te word?
- Hoe weet ek of dit God se stem is wat ek hoor, of is dit die duiwel sin nie?? Wat daarby aansluit...hoe weet ek of dit waar is as mense sê hulle het Woord gekry of God het iets vir julle gese??
- As mense vra: "Hoekom volg jy nie ander gelowe nie? 5 biljoen mense dink jou geloof is verkeerd. Hoekom is jou geloof reg en die res s'n verkeerd?"
- N.a.v. Romeine 2:9-11: My vriendin redeneer dat jy nie hoef te glo dat Jesus ons redder is nie. Sy sê die belangrikste ding is om goeie dinge te doen en as jy goeie dinge doen sal jy hemel toe gaan. Wat sê mens?
- My vriende sê die Bybel metafore is en net 'n "guideline" is vir hoe ons moet lewe. Dinge waarvoor daar nie bewyse is nie sal hulle nie glo nie. Soos bv daar is nie bewyse dat Jesus die Seun van God is nie. Ek sal dan vir hulle sê dat geloof is om juis te glo wat jy nie kan sien nie. Dan sal hulle sê dat God ons die vermoë gegee het om dinge vir onsself uit te figure en as ons nie antwoorde het nie dan moet ons gaan soek daarvoor. Baie van my vriende is nie meer Christene nie omdat hulle nooit antwoorde kon kry nie.

Meelewing

Baie geluk aan **Daan** en **Karien van den Berg** (082-500-1694), met die doop van hulle eersteling, **Michael**. Mag hy vir julle baie vreugde verskaf.
Hartlik geluk aan **JC Potgieter** (079-525-2507) en **Esmari Linde** (083-446-5511) wat Saterdag in die huwelik getree het. Mag julle verbintenis geseënd wees.
Marida Coetzee (084-678-3863) en **Dian van Eeden** trou as die Here wil Saterdag 28 Maart. Mag die nuwe fase van julle lewe deur die Here geseën word.
Geluk aan **Simeon Jooste** (076-208-1250) wat vir 'n SA span in waterhokkie gekies is.
Sterkte aan **Daniël Maritz** (082-371-2040) wat 'n vinnige draai in die hospitaal gemaak het en DV volgende week 'n operasie ondergaan.
Ons dink aan almal wat voortdurende kankerbehandeling ondergaan. Mag die Here genesing en volharding gee.

Dinsdagaand 19:00 is daar 'n fliekaand by die G5 koffiekamer...

"Popcorn", koffie en sap sal voorsien word. Bring 'n kombers en kussing saam, dan sluit ons die kwartaal lekker af.
Gaan "like" G5 op Facebook en stem vir watter fliek jy Dinsdagaand wil kyk.
Hoop om almal daar te sien!
Ps. Daar sal stoele wees vir die mense wat nie op die grond wil lê nie.

Onse Marida trou

Vir ons as ouers van Marida is eerskomende Saterdag 'n groot dag. Dit is 'n eerste waarna ons baie uitsien. Saam met julle het ons haar nie net gesien grootword nie, maar julle het ook 'n reuse aandeel in haar lewe en geloofslewe gespeel. Omdat Marida (en Dian op 'n manier ook al) so deel van die gemeente is en ons binne in die gemeenskap van gelowiges van hierdie gemeente lewe, sou ons graag almal na die troue wou uitnooi. Dankie dat julle verstaan dat dit nie moontlik is nie. Nogtans wil ons almal vanuit ons harte uitnooi om die Huweliksdiens te kom bywoon. Dit is DV Saterdag 28 Maart om 15:00 in die NG Moedergemeente se kerkgebou op die hoek van Nelson Mandelarylaan en Dr Beyers Naudestraat.
Moenie wonder of sy gaan mooi lyk nie – kom kyk self! *Fanie en Judie*

Liefdesdiens

Elke Sondag in die Lantern was 'n beriggie oor die Liefdesdiens wat die diakens aan lidmate in nood help.
Baie dankie vir elkeen se bydrae want dit maak dit vir die Diakonie moontlik om almal tot dusver te kon help.
Januarie se bydraes was
R16 078.20
Uitbetalings vir Januarie was
R17 700.00
Februarie se bydraes was
R20 666.48
Uitbetalings vir Februarie was
R18 700.00

Bring asb leë joghurthouers (groot) na die kerkkantoor vir die Sopkombuis. Dit kan ook Maandagoggende by die Sopkombuis afgegee word.

Venterskroon

Venterskroon aktiwiteite

Die gemeente het in 2014 wonderlik bygedra tot die behoefte aan klere by die mense wat aan die Venterskroon dienste deelneem. Dit is op 'n baie mooi wyse aan die behoeftiges uitgedeel. Ander advies en praktiese hulp is van tyd tot tyd deur die diensgroep verskaf. Daar is oor al die fasette van die bediening op maandelikse basis gesprek gevoer met prof Rantoa Letsosa en sy vrou en daar is ook twee gesprekke gedurende die jaar met 'n kommissie van Cachet gevoer oor die gesamentlike hulp aan die lidmate van Venterskroon.

Wat vanjaar verder beplan word, is om diefwering voor die kerkgebou se vensters te plaas en 'n persoon uit Promosa het aangebied om dit gratis te doen, maar 'n honorarium (veral vir sy vervoer) sal oorweeg word. Omdat die boer se werkers ook die toilette kan gebruik, sal vanjaar die deure na die toilette aan die buitekant aangebring word, sodat die kombuis afgesluit kan word van die toilette. Ons vertrou dat lidmate en dalk 'n uitreik span van G5 daarmee kan help. 'n Wonderlike ontwikkeling, wat kan groei, het ook vanjaar begin. Daar is vir Hoërskool leerlinge van die wyk en van die omgewing op Saterdae Wiskunde en Wetenskap klasse aangebied. 'n Dame wat 'n M student in Fisika is, help, saam met ander wat gawes hiervoor ontvang het. Daar sal weer klere insameling en uitdeling plaasvind. Daar sal ook gepoog word om die lidmate na 'n erediens van Bult te nooi tydens die viering van Pinkster.

Geskenkpakkies vir Venterskroon

Onthou om klere of enige items wat jy nie meer gebruik nie na die kerkkantoor te bring. Ons gaan op die 16e Mei geskenkpakke maak vir die gemeente in Venterskroon.

BULT kursusse

Ons wil graag deurlopend toerusting vir ons lidmate gee. Die geleenthede is oop vir almal en ons wil graag veral ons nuwe lidmate en belangstellendes uitnooi om hierdie geleenthede by te woon.

Ons het reeds vir al ons nuwe intrekkers **BULT 101** aangebied, wat fokus op wie die gemeente is, en hoe G5 in ons bediening inpas.

Ons volgende kursus is **BULT 102** wat **DV Sondag 19 April** om **16:30** in die G5 Koffiekamer plaasvind. **BULT 102 is 'n geleentheid om jouself weer op te skerp oor die basiese boublokke van ons geloof.**

Ons beplan om BULT 101 en BULT 102 drie keer per jaar aan te bied. Later sal ons nog kursusse byvoeg soos **BULT 103 Waar kom die Bybel vandaan? BULT 201 Hoe doen ons as gesin huisgodsdiens?** En natuurlik sal daar 'n Honneursklas ook wees, **BULT 401 Hoe hanteer ek my aftrede?**

Hierdie is die laaste Lantern voor die vakansie. Die volgende Lantern sal weer op 19 April beskikbaar wees.

Teeskinkbeurte

22 Maart

Wyk 31 (Elsa Reinecke - 0834580384)
Wyk 33 (Wilma Herbst - 0829657525)

Geen teeskinkbeurte geskeduleer vir die vakansietyd nie.
Enigiemand is welkom om self te reël!

12 April

Wyk 38 (Celia Kruger - 0741803449)
KG 1 (Anna Fick - 0736823751)

Baie dankie!

Plaaslike Bybelverspreiding

Besit jy Bybels wat nie meer gebruik word nie en dalk ook in 'n gehawende toestand (selfs met ontbrekende bladsye) is? Dit word herstel en versprei onder behoeftige persone in Promosa en onder gevangenes. Selfs Engelse Bybels en ander geestelike boeke is welkom. Gee dit asb af by die kerkkantoor teen 23 Maart.

Missionale Amp van die gelowige

Kerkwees is dit wat in die lewe van elke gelowige gebeur wanneer hy of sy nie by die kerkgebou is op Sondae nie. Kom ons noem dit die "missionale amp" van die gelowige. 'n Amp vir elke lidmaat? Beteken dit dat elke lidmaat elke dag van die week 'n taak het om te doen in die wêreld? Ja – dit is die "missionale amp" van die gelowige. Dit is nie net die dominee, die ouderlinge en die diakens wat in die kerk werk nie – dit is elke lidmaat wat as deel van die kerk – in die wêreld werksaam moet wees.

Kursus: Die Missionale Amp van die gelowige
Aanbieder: Prof IW (Naas) Ferreira
Wanneer: 7 geleenthede op Woensdae vanaf 15 April tot 27 Mei 2015
Plek en Tyd: Kamer 204 Teologie Gebou (NWU) – 18:30 – 20:00

Wil jy graag hierdie kursus bywoon? Alle Christene van Potch – oud en jonk – is hartlik welkom. Gemeentes wat die kursus op 'n ander tyd in hulle eie gemeente sou wou aanbied is ook welkom om navraag te doen.
Vir inskrywing of navraag:
Stuur epos aan: naas.ferreira@nwu.ac.za Kantoor: 018 2991848

☐ Ek wil graag 'n lidmaat word
☐ Ek wil graag huisbesoek hê

Naam: .....
Telefoonnommer: .....

Gooi in kollektesakkie / Gee in by kerkkantoor

Welkom hier!

Johan Grobler
079-887-3587

Hanco Olivier
083-391-4873

Wil jy ook by ons gemeente inskakel?
Kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

Bediening aan gevangenes

Ons het die geleentheid om 'n bediening aan gevangenes in die Potchefstroom gevangenis te begin. Ons gaan die Christian Bible Institute(CBI) se kursus materiaal gebruik, wat reeds deur verskeie ander Gerformeerde gemeentes in ander gevangenisse gebruik word.
Prakties sou jou betrokkenheid by hierdie bediening beteken, dat jy elke tweede week 'n voltooide werkkaart van 'n gevangene sal merk (vanuit die gids wat jy sal ontvang) en dan ook vir die gevangene 'n brief van bemoediging sal skryf. Een persoon sal dan aan die einde van die week al die werkkaarte en briewe terugneem na die gevangenes.
Hierdie is 'n bediening wat jy vanuit Eikelaan of jou koshuiskamer of jou eetkamertafel gedoen kan word.
As jy belangstel en moontlik wil deelword kom na die inligtingsessie Maandag 23 Maart 17:15-18:00 in die G5 Koffiekamer, wanneer een van CBI se lede vanuit Pretoria alles vir ons sal verduidelik.

Verjaarsdae in die vakansie

Vandag, 22 Maart
Sibella Coetsee 3 018-295-5710
Rineé Pretorius 083-507-7782
Mart-Marie Schutte 072-228-5108

Maandag, 23 Maart
Rudi van der Merwe 082-406-2869

Dinsdag, 24 Maart
Carina Kruger 082-576-0695

Woensdag, 25 Maart
Nina Brink 082-331-7281
Fritz de Wet 084-245-2803
Catherine Potgieter 6 083-983-0948
MJ Potgieter 6 083-983-0948
Dawie Viljoen 082-445-4195

Donderdag, 26 Maart
Sunette Jv Rensburg 084-513-8231
Niklaas Wyma 3 018-294-5973

Vrydag, 27 Maart
Coetzee Smit 19 082-813-1550
Cornelia Smit 082-824-6955

Saterdag, 28 Maart
Hennie Coetzee 072-111-0615
Jana le Roux 082-217-2029
Rita Swanepoel 082-688-7411

Sondag, 29 Maart
Wilma Herbst 082-965-7525
Braam Pieterse 082-923-4881
Steffi Venter 083-783-3800
Anika Vorster 9 082-495-6172

Maandag, 30 Maart
Olivia Conradie 074-199-6498
Hettie Venter 018-294-3679
Jaap Verhoef 078-483-4999

Dinsdag, 31 Maart
Karabelo Moselesele 6 060-614-4809
Christoff van der Walt 083-641-3645

Woensdag, 1 April
Karina Coetzee 083-320-5481
Susan Conradie 082-563-1207
Elsa Jv Rensburg 083-370-1230

Donderdag, 2 April
Bertus Herbst 082-965-7525
Melissa Jacobs 082-451-1296
Adrian Lotter 083-310-1639
Jonatas Macedo 073-494-8150
Dalena Odendaal 072-554-6748
Marné Schouwstra 072-325-9106
Elmine van der Walt 082-779-1397
Juan Vorster 3 082-565-9873

Vrydag, 3 April
Fanus van der Merwe 076-486-2576

Saterdag, 4 April
Paul Els 072-601-9672
Michael Hammann 081-043-6282
Sarel van der Walt 083-260-9134

Sondag, 5 April
Sonja van der Walt 071-219-1112
Vida Venter 93 001-204-759-3335
vidahentie@yahoo.ca

Dinsdag, 7 April
Botes Botha 076-993-5339
Schalk Buys 18 061-699-7340
Adelle Lotter 083-286-3811
Christoff Muller 17 076-037-0058
Marieta Venter 072-758-2641

Woensdag, 8 April
Nico Botha 071-264-0990
Annelie du Plessis 084-852-3564

Verjaarsdae

Donderdag, 9 April
Carlien Kruger 082-443-8833
Gerhard Steenekamp (18) 072-225-3669

Vrydag, 10 April
Maryna Labuschagne 082-778-8361
Johan van Dijk 076-383-9150

Saterdag, 11 April
Lizelle le Roux 079-428-0191
Carmi van der Walt (7) 084-990-9080
Erik Wyma 082-922-6797

Sondag, 12 April
Wouter Jooste (82) 082-374-5056
Karabo Moselesele (9) 060-614-4809
Bennie van der Walt 082-348-1904
Pierre Venter (21) 071-895-4587

Maandag, 13 April
Jaco Matthee 082-325-3510
Riandi Muller 082-906-6054
Consolate Ngoy 071-759-5294

Woensdag, 15 April
Poen Coetzee 082-474-4538
JP Grobler (20) 072-041-3267
Marthie Lessing 018-294-3582
Carolien van Milligen 072-282-4970
Pierre van Rensburg 083-680-6514

Donderdag, 16 April
Henri van Rensburg 076-150-0194

Vrydag, 17 April
Johan Smit 084-585-3976
Hennie Venter 083-630-0201

Saterdag, 18 April
Wikus Boshoff 082-851-6959
Marianne Pretorius 072-595-8930

Ons wil graag 'n resepteboek vanuit ons eie gemeente bekendstel.
Deel met ons jou gunsteling resep asook die storie agter dit.
E-pos dit na mercia.venter72@gmail.com en eunicestoltz@gmail.com of gee vir ons 'n kopie by die kerk.
Vir meer inligting kontak
Mercia Venter: 083-468-2075
Eunice Stoltz: 083-595-8981
Enige resep is welkom!

Liefdegawes

by die deure

22 Maart
Oggend: GKSA Sustentasiefonds
Aand: Meelewingsfonds
29 Maart
Oggend: Bystandsfonds vir Diakonie
Aand: Meelewingsfonds
5 April
Oggend: Kerke in Suid-Soedan
Aand: Meelewingsfonds

Liefdegawes tydens die diens word vir die Liefdesdiens van die diakens gebruik.

ORRELISTE POS BY CACHET

Bekwame orrelis gesoek om begeleiding Sondagoggende (10:30 -11:30) in die Gereformeerde Kerk Cachet te behartig.
Maandelikse vergoeding, selfs in universiteitsvakansietye wanneer gemeente nie aktief is nie. Sluitingsdatum 27 Maart 2015.
Kontak dr Frans Minnie – 082 787 4583

Paasoptrede van die Potch Mannekoor Sondag 22 Maart by NG Wes kerkgebou, Kruisstraat. Almal welkom en bring u vriende.

Die kerkkantoor is gesluit vir die skoolvakansie (vanaf 25 Maart), en sal weer op 13 April oop wees.

◇ ADVERTENSIES ◇

TE HUUR GESOEK: 1 slaapkamer woonstel - verkieslik tuin - vir pensionaris egpaar. Het nie vervoer nie dus kan dit nie buite die dorp wees nie. Moet bekostigbaar wees. Netjiese, stil egpaar.
Skakel 082 460 0939 Elsa Els

Vir kunsklasse of raamwerk kontak Celia Kruger by 074-180-3449.

Die koster het van iemand 'n geel-groen sak met geld in vir bewaring gekry, en hy kan nie onthou van wie dit is en wat daarmee gedoen moet word nie. Kontak asseblief vir Fransa by die Kerkkantoor as jy meer inligting hieroor het.

Advertensies in die Lantern is gratis. Hou dit asb kort en stuur dit teen Donderdae om 10:00 na die kerkkantoor.

www.youtube.com
/user/gkpotchbult

www.facebook.com
../gkpotchbult
../gkpotchbultG5
../VenterskroonBediening
../GKBultProjekte
../BultInternationalChurch

@gkpotchBult
#potchG5
#gkbult

Kerkkantoor 018-297-4843 (tel)
086-750-5339 (faks)
e-pos: gkbult@gmail.com
webblad: www.gkpotchbult.co.za

Ds Fanie Coetzee: 082-520-5168
fanie1coetzee@gmail.com
Ds Willem Steyn: 082-854-3587
steyn.willem@gmail.com

Skribas: Ig Vorster: 082-788-5902
Jaap Verhoef: 018-294-6502
Orrelistes: Jetty van Rensburg: 083-439-7379
Annatjie Verhoef: 072-391-2552
Koster (Molenstraat):
Piet van Maarleveld: 084-776-6113
Koster (Gerrit Dekker): Wilma Herbst: 082-965-7525
Kassier: Paul Delicado: 082-574-2204
Internasionale diens: Ray Everson: 018-290-6782
Diakonie: Elsa Els: 082-460-0939
Katkisasie: Braam Pieterse: 082-923-4881
Kleuterbediening: Marida Coetzee: 084-678-3863
Dataprojeksie: Adelle Lotter: 083-286-3811
Tolkdienste: Kerkkantoor: 018-297-4843

Sopkombuis: Elsa Els: 082-460-0939
Susters: Judie Coetzee: 082-619-4620
Onthaalkomitee: Retha van Wyk: 083-967-1511
G5 Bediening: Ds Willem Steyn: 082-854-3587
Musiekbediening: Hanlie Steyn: 083 654 8652
Bedieningskommissie: Jan Geertsema: 083-271-6570
Finansiële kommissie: Carools Reinecke: 082-568-5652
Eiendomskommissie: Johan van Dijk: 076-383-9150
Liturgiese Werkgroep: Lou van Wyk: 084-520-1086
Saalverhurings:
Molenstraat: Kerkkantoor: 018-297-4843
Gerrit Dekkerstraat: Wilma Herbst: 082-965-7525
Breekware: Molenstraat: Elma de Kock: 083-302-5282
Gerrit Dekkerstraat: Wilma Herbst: 082-965-7525

Skakel gerus met Fransa by die kerkkantoor (Weeksdae van 08:00 - 13:00) vir:
Algemene navrae, Lantern (saktyd Donderdae om 10:00), Preekopnames, Webbladnavrae, ens.

Bankbesonderhede
Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult
ABSA Tomstraattak 670-264-661 (Tjekrekening)
Verwysing: Van, voorletters, Wyk / KG